Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

8 Julie 2025

**OMSENDBRIEF 05/2025**

# KEERDATUMS TEN OPSIGTE VAN SINODE 2026

**Aan alle leraars en skribas van kerkrade, ringe en sinodale kommissies**

Geagte Broeders

Die Kommissie vir Bedieningsondersteuning en Skakeling (KBS) het na oorweging van alle tersaaklike feite die volgende sinode vir DV 31 Augustus tot 4 September 2026 bepaal. Kwotasies vir die huisves van die sinode word tot 28 Januarie 2026 ingewag, waarna die plek van die sinode bekend gemaak sal word. Die datum bring mee dat ons ook gebonde is aan die volgende keerdatums waarvan lidmate, kerkrade, ringe en sinodale kommissies asseblief kennis moet neem.

1. **9 Maart 2026:** Alle ringsittings moet afgehandel wees. (Hou asseblief rekening met die skoolvakansie, sodat die ringskriba ná die ringsitting die vereiste stukke kan voorberei en betyds vóór die vakansie aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor kan stuur.)

   Gemeentes se kassiere moet seker maak dat die ouditering van hulle boeke betyds gedoen word, sodat die ouditverslae by ringsittings beskikbaar is.

   Gesien die wyse waarop beskrywingspunte op die tafel van meerdere vergaderings kom, moet lidmate wat beskrywingspunte wil indien, dit nog vóór die ringsitting aan hulle kerkrade voorlê. Alle kerkrade word versoek om die inligting aan lidmate deur te gee, en hulle vergaderings betyds voor die ringsitting te reël.

   ***LW:*** Kyk in *Kerkorde 2022*, bladsy 166-167, punt 7 en 8; en ook bladsy 176, punt 22. Riglyne vir formulering van beskrywingspunte word soos gewoonlik weer hierby aangeheg.

2. **23 Maart 2026:** Alle beskrywingspunte vir die sinode moet deur ringskribas by die direkteur van kerkadministrasie ingehandig wees. Beskrywingspunte wat ná hierdie datum ontvang word, sal weens tydsdrukte nie deur die kommissies behandel kan word vir opname in *Sakelys 2026* nie. Beskrywingspunte wat nie volgens die *Riglyne vir die opstel en hantering van beskrywingspunte* opgestel is nie, sal nie ontvanklik wees vir bespreking tydens die sinode nie.

3. Alle sinodale kommissies word versoek om **tussen 6 en 17 April** te vergader om hul verslae vir die sinode af te handel. Skribas van sinodale kommissies moet seker maak dat hulle vóór die vergadering in April 2026 hulle beskrywingspunte van die direkteur van kerkadministrasie ontvang. Kommissies word verder versoek om hulle werksprogram so te reël dat hulle ten tye van dié vergaderings ŉ finale verslag opstel. By die formulering van aanbevelings vir die sinode, moet skribas dit asseblief doen volgens die toepaslike gedeeltes van die riglyne vir beskrywingspunte hierby aangeheg.

4. **4 Mei 2026:** Alle verslae vir die sinodale sakelys moet deur skribas van sinodale kommissies by direkteur van kerkadministrasie ingehandig wees. Verslae moet in Word-formaat per e-pos gestuur word na direkteur@apk.co.za.

5. **22 Mei 2026:** Manuskrip van *Sakelys 2026* na setter.

6. **17 Junie 2026:** Manuskrip na drukker.

7. **29 Junie 2026:** *Sakelys 2026* word aan kerkrade versend.

Alle betrokkenes word hiermee vriendelik versoek om hulle samewerking te verleen sodat by bogemelde datums gehou kan word. Alle kerkrade, ringe en sinodale kommissies word versoek om hierdie omsendbrief met die keerdatums, op hulle agendas te plaas. Dit is veral noodsaaklik in gevalle waar skribas wissel, en die nuwe skriba (veral van ringe) onkant betrap kan word deur die beperkte tyd vir voorbereiding en versending van stukke.

8. Afgevaardigdes na meerdere vergaderings moet met ŉ geloofsbrief ter vergadering verskyn soos in *Kerkorde 2022* beskikbaar op bladsy 136-137. U word ook gewys op Kerkorde Bepaling 38A: "*Indien ŉ kerk (gemeente) nie afgevaardigdes na ŉ sinode stuur nie, moet sodanige kerkraad skriftelik verskoning aanbied vir hulle afwesigheid met opgaaf van redes waaroor die Kommissie vir Geloofsbriewe beslis met verslag aan die sinode*."

9. U aandag word ook gevestig op die volgende sinodebesluite:

   9.1 *"Die RKA versoek deur die sinode alle ringe dringend om as deel van hulle visitasietaak ondersoek in te stel na die omstandighede van gemeentes wat nie hulle sinodale finansiële verpligtinge nakom nie. Aan die BRKA word opgedra om gegewens van sulke agterstallige bydraes aan die betrokke ringe te verskaf"* (Handelinge 1993, pt.5.2, bl. 221).

   ŉ Verslag oor die stand van gemeentes se finansiële verpligting word aan elke skriba van die ringskommissie gestuur, maar dit kan ook besigtig word op die kerkverband se webblad onder die F1 en F10 kontroleblad. U is ook welkom om met die F10 kontroleur, mnr. GJ Jansen van Rensburg, hieroor in verbinding te tree.

   9.2 *"Ringe word ernstig versoek om toe te sien dat gemeentes aan neergelegde riglyne hou"* (Handelinge 1993, pt. 4.1.8.3, bl. 249) (Dit wil sê, die metodes



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

van finansiële kontrole soos in die boekie van mnr. CJ de la Rey, *Finansiële bestuur deur kerkrade*, uiteengesit).

9.3 "*Die Sinode neem standpunt in teen gemeentes wat volhard teen sinodebesluite en vestig sodanige gemeentes se aandag daarop dat hulle hulle blootstel daaraan om hulleself buite akkoord van die AP kerkverband te stel ingevolge die goedgekeurde prosedure. Ringe word versoek om dringend aan die GKK en KKS te rapporteer oor die prosedure soos goedgekeur in punt 13.1 hierbo*" (Handelinge 2004, pt. 13.9, bl. 362).

9.4 Tydens Sinode 2010 is ook besluit: "*Indien die gemeente met aanvang van registrasie van die Sinode op 30/08/2010 nog nie 'n reëling met die GKK getref het nie, het so 'n gemeente nie stemreg tydens die sinode nie*" (Handelinge 2010, pt. 6.1, bl. 226).

*Vriendelike groete*



**Ds. JL Schütte**
**Direkteur van Kerkadministrasie**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

**RIGLYNE VIR DIE OPSTEL EN HANTERING VAN BESKRYWINGSPUNTE**

1. Die opsteller behoort 'n beskrywingspunt te formuleer in die **bewoording waarin** hy verlang dat **die sinode uiteindelik die besluit moet neem**, bv.

   Beskrywingspunt:

   *Die Sinode roep lidmate op om erns te maak met die Here Jesus se woorde in Johannes 13:35: "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."*

   ***Motivering***:

   *Christene durf nie toegee aan 'n tydsgees waardeur "die liefde van die meeste verkoel" nie (vgl. Mt. 24:12).*

   *Die optrede van baie mense herinner aan die toestand van onbekeerde mense: "Ons was haatlik en het mekaar gehaat"* (Tit. 3:3).

   VOORSTELLER: Ouderling C Vandiekerk (drukskrif)

   Handtekening: ……………………………………………

   SEKONDANT: Ouderling B Vandiekerk

   Handtekening: ……………………………………………

2. Mnr. C Vandiekerk lê dan sy beskrywingspunt aan sy **plaaslike kerkraad** voor, wat verder daarmee handel ooreenkomstig **sinodebesluit (kyk *Kerkorde 2023*, Sinodebesluite 7 & 8, bl. 166 -167 en Sinodebesluit 22, bl. 176)**

3. Elke vergadering (kerkraad en ring) wat die beskrywingspunt ontvang, bespreek dit deeglik, en verwerp of aanvaar dit, gewysigd of ongewysigd. Indien 'n vergadering die beskrywingspunt aanvaar, vergewis hy hom daarvan dat dit in korrekte vorm geredigeer is (kyk pt. 1 hierbo). **Die vergadering dui duidelik onder aan die beskrywingsput aan dat dit op 'n bepaalde vergadering aanvaar is en die voorsitter en skriba van elke betrokke vergadering onderteken dit alvorens dit verder gestuur word** (van kerkraad na ring, na direkteur van kerkadministrasie vir besorging aan die verantwoordelike sinodale kommissie).

   **LW:Elke beskrywingspunt wat die ring aanstuur, moet op 'n aparte vel papier ingedien word, onderteken soos hierbo gestel, omdat verskillende kommissies die verskillende beskrywingspunte hanteer.**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

4. Die **sinodale kommissie** wat die beskrywingspunt hanteer, gee dit in sy **verslag aan die sinode** woordeliks weer met motivering en vermelding van die naam van die ring wat dit ingestuur het, en daarna die aanbeveling van die kommissie, bv.

Aanbeveling:
*Die Sinode roep lidmate dringend op om erns te maak met die Here Jesus se woorde in Johannes 13:35: "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."*

***Motivering**:*

*Christene durf nie toegee aan 'n tydsgees waardeur "die liefde van die meeste verkoel" nie (vgl. Mt. 24:12).*

*Die optrede van baie mense herinner aan die toestand van onbekeerde mense: "Ons was haatlik en het mekaar gehaat"* (Tit. 3:3).

Die **sinodale kommissie** wat die beskrywingspunt (of beswaarskrif) hanteer, gee dit in sy **verslag aan die sinode** woordeliks weer met motivering en vermelding van die naam van die ring wat dit ingestuur het, en voorsien die beskrywingspunt ook van 'n opskrif. Daarna volg die aanbeveling van die kommissie, bv.

**BESKRYWINGSPUNT – RING VAN DENDRON: LIEFDE ONDER MEKAAR**

Aanbeveling:
*Die Sinode roep lidmate dringend op om erns te maak met die Here Jesus se woorde in Johannes 13:35: "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."*

***Motivering**:*

*Christene durf nie toegee aan 'n tydsgees waardeur "die liefde van die meeste verkoel" nie (vgl. Mt. 24:12).*

*Die optrede van baie mense herinner aan die toestand van onbekeerde mense: "Ons was haatlik en het mekaar gehaat"* (Tit. 3:3).

**BELANGRIK:**

**Die aanbeveling van die sinodale kommissie moet:**

1. **rekening hou met die vereiste in die eerste paragraaf onder punt 1 hierbo;**
2. **in die formulering duidelik die saak opneem waaroor dit gaan, sodat die goedgekeurde aanbeveling later sinvol as besluit alleen, sonder enige verdere verduideliking, in *Handelinge 2026* kan staan.**

**<u>Vermy 'n aanbeveling soos die volgende</u>: "Die sinode keur dit (of: die beskrywingspunt) goed."**

**Verduidelik dus in die formulering van die aanbeveling presies wat met "dit" of "die beskrywingspunt" bedoel word.**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390